# IS U VUURWAKKER?

# NOODSAAKLIKE INLIGTING

## Vir elke eienaar in die

## VUURWAKKER GEMEENSKAPPE

## van BETTY’S BAY, PRINGLE BAY & ROOI ELS



Kontakbesonderhede van ‘n plaaslike VUURWAKKER komitee:
Pringle Bay:  Clayton Francis – 072 1299788
rockyct@telkomsa.net
Betty’s Bay:  Liz Cartwright  - 074 1417600
Amaizulu.yahoo.co.uk
Rooiels: Harold Miller – 082 898202
lifeisgood@iafrica.com

**LEES ASSEBLIEF EN TREE OP!**

**HOU DIE BOEKIE BYDERHAND VIR BRANDNOODGEVALLE!**

**OFFICE of THE CHIEF FIRE OFFICER**
**PO BOX 20**
**HERMANUS**
**7200**
**Tel: 028 3135041/2**
**Fax: 028 3131493**
**Email: lestersmith@Overstrand.gov.za**




Overstrand munisipaliteit is gelee in n pragtige natuurskoon streek wat plaaslike en internasionale toeriste lok om die natuurskoon te besoek en te ervaar. Hierdie natuurskoon is tans onder bedreiging aangesien daar vir die laaste paar jaar verwoestende brande in die area was wat die natuur vernietig. Hierdie brande word hoogs waarskynlik bevorder deur hoogs vlambare plantegroei veral uitheemse plantegroei sowel as die vinnige groei en verhuising van populasie na beboude gebiede en dorps areas wat grens aan bergarea's en oop velde. Brande veral veldbrande kan negetiewe impakte hȇ gemeenskappe en kan ook groot veiligheid risikos inhou vir lewe en eiendom, sossiale omstrandighede en ook ekonomiese vooruitsigte.

Overstrand Munisipaliteit Brand en Reddings Dienste streef daarna om strategieë in plek te plaas en te ontwikkel om ons gemeenskappe te beskerm teen hierdie verwoestende brande om sodoende te verseker dat ons ń veilige en gesonde omgewing skep vir al ons gemeenskappe. Met die strategieë in plek kan ons ook volhoubare ekonomiese groei in ons gemeenskappe bevorder.

Die Overstrand Munisipaliteit het die verantwoordelikheid om te voorsien dat ń veilige en gesonde omgewing geskep word deur die bestuur en vermindering van brand risiko's in en om ons dorpe. Hierdie verantwoordelik lê dus ook by grondeienaars sowel as by die gemeenskap en hierdie verantwoordelikheid moet dus deur almal gedeel word.

Indien ons suksesvol wil wees om hierdie verwoestende brande te vermy of beter te kan bestuur moet ons in ag neem, die kondisies van die vakante erwe en beboude erwe in en om ons dorpe en daarom moet dit instand gehou word in samewerking met ons gemeenskap op n manier wat brand voorkoming en brand bewusmaking bevorder.

After all **"FIRE IS EVERYONE'S FIGHT"**

Kind regards

L. Smith

Chief Fire Officer

# Wat is 'n 'Vuurwakkergemeenskap'… en waarom moet ek deelneem?



**Ons woon in ń streek met 'n UITERS HOË brandrisiko en as gevolg van aardverwarming word die risiko al groter en brand maklik groter!**
Het u opgemerk dat ons winde sterker word en dat ons hewiger storms gepaard met weerlig ondervind? Nog meer vreesaanjaend is die bewering deur wetenskaplikes dat die brandgevaar met 29% toeneem vir elke 1°C styging in die aarde se temperatuur!

Toe Amerika in 1998 meer as 1400 huise verloor het, het hulle 'n stelsel opgestel wat Suid-Afrika se "Working on Fire" bestudeer het en hierheen gebring het.
Dit behels die besef dat dit **ELKEEN** se plig is om die gevaar van brande te verlaag… dorpsbeplanners, ontwikkelaars, argitekte, bouers, voltydse en vrywillige brandbestryders en natuurlik ook elke huis/erfeienaar! Pringlebaai, Rooiels en Bettysbaai is gekies om die **EERSTE VUURWAKKER GEMEENSKAPPE** in Suid Afrika te word.

## WAT BEHELS DIT OM 'N VUURWAKKERGEMEENSKAP TE WEES?

1. Gemeenskappe kies hulle eie **VUURWAKKER komitees**, wat verteenwoordigers van die gemeenskap, Cape Nature en die brandweer insluit.
2. Die komitee maak 'n **BRANDRISIKO-OPNAME** (ideale telling is 40 – 64 punte – die telling van 135 – 156 vir ons dorpe dui op 'n UITERS HOË BRANDGEVAAR.)
3. Sodra die risikovlak bepaal is, word ń STRATEGIE opgestel om die brandgevaar te verlaag en die gemeenskap te help om die brandskade te verhoed of te verminder. Elke eienaar moet sy eie risiko-gradering doen.
4. Elke eienaar van 'n huis of erf werk daaraan om sy **EIE BRANDRISIKO en dié van die GEMEENSKAP** te verlaag.
5. **Vordering** moet jaarliks bepaal word.

# STAP 1
# VERSTAAN ONS BRANDGEVAAR



**In Mei 2008 het Niki Jooné van Bettysbaai sy huis en alles daarin verloor**
"Die brand het agter my huis in 'n storm sterk wind begin… die rook en geraas het my wakker gemaak, maar die wind het die vlamme so vining teen die huis gejaag dat ek net my papegaai kon uitkry !"

Ons woon in 'n omgewing met 'n UITERS HOË brandgevaar. En die risiko neem vinnig toe asgevolg van aardverwarming. Ons hoë brandgevaar kan aan 'n kombinasie van verskeie faktore toegeskryf word:

- Fynbos brand maklik as gevolg van die fyn, veselagtige aard daarvan.
- Indringerplante (soos Rooikrans, bloekomboom en wattle) het die brand-stoflading in sommige dorpe aansienlik verhoog.
- Ons het 'n lang dorpsgrens teen 'n besige deurpad met die gevaar dat 'n onnadenkende motoris 'n sigaretstompie kan uitgooi.



- Eskom se kragpale is al omgewaai deur stromsterk wind
- Sommige vakansiegangers is vasbeslote om vleis te braai ten spyke van die wind….

En die volgende oomblik word 'n vonk aangeblaas tot 'n veldbrand!

"As ons in sterk wind nie binne 5 minute by die brand kan kom nie… is dit BUITE BEHEER."
Sê Overstrand se brandweerhoof, Lester Smith.

## Kan ons binne 5 minute by 'n brand uitkom?

Die reaksietyd van die brandweereenhede op Kleinmond en Pringlebaai is 10 tot 20 minute…. Tree so vining moontlik op die voorgeskrewe manier op om die brand te vertraag.!

# STAP 2
# VERSTAAN ONS BRANDGEVAAR

**ONDER 30 = LAAG    30 - 60 = HOOG    OOR 60 = UITERSHOOG**

| MY PERSOONLIKE BRANDRISIKO | JA | NEE | INDIEN U TELLING HOOG IS…. |
|---|---|---|---|
| Is u eiendom op 'n helling geleë en/of blootgestel aan sterk Suidooste winde? | 10 | 5 | Vuur beweeg langs 'n helling boontoe en verdroog alles voor…. 'n Brand is dus meer intens hoer op en in die wind. |
| Is u eindom naby groot bome of langs 'n groot oop veld of bedreig deur brande op aangrensende eiendomme? | 10 | 2 | Maak 'n brandbaan op u grens langs die risiko-gebied. Dit sal nie in sterk wind die brand keer nie maar dit sal toegang tot die brand verbeter. |
| Verwyder u gereeld indringerplante, droë hout, dooie plante, ens. op u eiendom? | 1 | 5 | Deur die ultdunning van ou plante, ens., om die brandstoflading te verminder, kan u huis, en die van ander red. |
| Work u LP gassilinders volgens voorskrif gehuisves en teen brand beskerm? | 0 | 5 | Vra raad by u gashandelaar en verander u stelsel daarvolgens. |
| Het u 'n hout, houtraamhuis of 'n strooidak? | 10 | 0 | Hou die plantegroel rondom die huis korter as 20cm, veral aan die windkant. |
| Is u brandhoutstapel en komposhoop ver genoeg weg van geboue en plante? | 2 | 5 | Maak 'n 3 meter oop ruimte om die huis - sien volgende bladsy. |
| Het u alle indringerplante verwyder? (bv. bloekombome, wattel, mirte, Rooikrans en Port Jackson | 2 | 10 | Indringerplante brand langer en teen 'n hoër temperatuur as fynbos. Hoe hoër die plante hoe verder kan die vuur spring. |
| Is u tuinslang maklik bereikbaar en kan dit om die huis strek? | 2 | 5 | Kry 'n ekstra kraan of langer tuinslang asook 'n reenwater-opgaartenk met pomp |
| Het u enige elektriese drade buite? | 5 | 0 | Verwyder dit, of sit dit in 'n metaalpyp. |
| Is die brandkrane in u omgewing vry van obstruksies en kan die brandbestryders dit maklik bereik? | 0 | 5 | Stel u Vuurwakkerkomitee of brandweerhoof by 082 373 8270 in kennis. |
| Kan 'n brandweerwa u huis maklik bereik en om die huis beweeg ? | 0 | 10 | Indien u oprit te nou is vir 'n brandweerwa, maak dit wyer. |
| Verbrand u of u bure soms tuinafval? | 5 | 0 | Dit is onwettig om enigiets op u erf te verbrand sonder 'n PERMIT! |
| Is u houtbalkonne, heinings, dakkappe, ens. met 'n brandwerende stof behandel en is alle brandbare materiaal verwyder? | 2 | 10 | Vra 'n goeie hardeware-winkel of verfkenner vir 'n brandwerende verf. Bedek u dakkappe met brandwerende materiaal. |
| Braai u ooit vleis sonder dat daar 'n tuinslang byderhand is? | 5 | 0 | Die brandgevaar is hoog in die somer: Moet dus asseblief nie op winderige dae braai nie. |
| Sal u iemand met 'n hoë brandrisiko waarsku en raadgee? | 2 | 5 | Doen dit asseblief en lig u Vuurwakker-komitee in as die persoon nie luister nie. |
| **TOTAAL - BRANDRISIKOGRADERING** | | | **HERHAAL ASSEBLIEF DIE TOETS JAARLIKS** |

# STAP 3
# SAVING YOUR HOME FROM DISASTER



Stel u voor dat ’n kilometer muur van vlamme die dorp nader ….. u kan skaars asemhaal in die digte rook…. Verbeel u dat brandende splinters deur ’n stormsterk Suidooster tot in u erf gewaai word….sodat die struike in vlamme uitbars. Die brandbestryders is êrens buite sig besig.

**Dit is te laat om te besluit wat om te doen. Alles wat nodig is om u huis en besittings te red, moes alreeds gedoen gewees het!**

Dit is noodsaaklik om behoorlik verseker te wees… maar selfs die beste versekeraar kan nie u rekenaarinligting, lêers, geboortesertifikate, persoonlike dokumente, familiefoto’s en geliefkoosde ornamente en kunswerke vervang nie! Hoeveel tyd en geld sal u benodig om u lewe weer op te bou?

**Ons moet alles in ons vermoë doen om die gevaar dat ’n brand kan ontstaan te verminder… en daardeur kosbare minute wen wat die brandbestryders ’n beter kans sal gee om die brand onder beheer te kry. ’n Vermindering van brandrisiko’s kan dit veiliger maak om te bly en u huis te beskerm.**

BEGIN NOU DEUR DIE VOLGENDE TE VERWYDER:

- Alle dooie plantegroei op u erf en sypaadjie
- Alle indringerplante wat vinning brand (Rooikrans, pampas gras, Port Jackson, wattle, bloekoms, ens.)
- Alle struike naby vensters, glasdeure, houtbalkonne, ens.

’n Tuin wat goed in stand gehou word, sal die intensiteit en verspreiding van ’n brand verminder. Nuwe tuine kan as VUURWAKKER-tuine beplan en uitgelê word… en as u reeds ’n gevestigde of fynbos-tuin het behoort u jaar na jaar te beplan om ’n VUURWAKKER-tuin te skep.

# STAP 4
# MAAK ‘N VUURWAKKER TUIN

‘N Tuin wat goed versorg word, sal die intensiteit van die brand verlaag en die verspreiding daarvan vertraag. SANBI beveel aan dat nuwe tuine in 3 VUURWAKKER sones uitgelê en bestaande tuine of natuurlike fynbos-tuine meer brandbestand gemaak word.

**OOP SONE: +/- 3m**
Geen groot struike nie, ook geen klimplante of houttralies teen die mure nie. Gebruik kort plante en grondbedekkers met gruis of grasperke tussenin. **Fynbos** behoort kort gesny te word, tot omtrent 20cm hoog, en alle dooie plantmateriaal moet verwyder word. **Suurvye** vorm ‘n dik laag vlesige blare op die grond wat die verspreiding van die brand kan vertraag. **Ericas** en **restios** kan behou word mits daar geen dooie plantmateriaal om hulle is nie.

**MEDIUM BRAND-BESTANDE MIDDELSONE:**
‘N Samestelling van lang en kort struike om die hitte te verminder. Sekere plaaslike plantsoorte, byvoorbeeld **Bietou,** is redelik brandbestand.

**BUITENSTE BRANDBESTANDE ‘BUFFER’ SONE:**
Lae plante wat nie maklik brand nie byvoorbeeld **Suurvye.**



**OOP SONE GRONDBEDEKKERS**
Gazania pectinate
Gazania krebsiana – (red gazania)
Arctotis angustifolia – sandveld
Artotis stoechadifolia – silver
Helichrysum retortum
Cliffortia ferruginea – glastee
Carpobrotus edulis – suurvy
Carpobrotus acinaciformis - suurvy
Lampranthus furvus – vygie
Lampranthus bicolor – vygie
**KLEIN STRUIKE**
Agathosma ciliaris
Coleonema album - konfettibos
Phylice ericoides
Gnidia squarrosa
Stilbe ericoides
Ericas
**MET VLESIGE BLARE**
Cotyledon orbiculate – vlesigeplante
Crassula coccinea – red crassula
Crassula fascicularis - klipblom

**MEDIUM BESTANDE SONE SPRUITERS**
Leucadendron salignum
Protea cynaroides – koning protea
Mimetes cucullatus – rooi stompie
Rhus lucida – blinkblaar taaibos
Pelargonium cucullatum – wilde malva
Maytenus oleoides – klipkershout
Brachylaena discolor – kusvaalbos
Olea europea subsp Africana – wilde olyf
Chondropetalum tectorum – dekriet
**BRANDBESTANDE BOME**
Brabejum stellaifolium – wilde olyf
Cunobia capensis – Rooiels
Ilex mitis – African Holly
Halleria lucida – Fuschia
Canthium mundianum – Rock alder

**BUFFERSTROOK VLESIGE GRONDBEDEKKERS:**
Carpobrotus edulis – suurvy
Carpobrotus acinaciformis – suurvy
Lampranthus furvus – vygie
Lampranthus bicolor – vygie
**BOLPLANTE**
Haemanthus coccineus – April fool
Brunsvigia orientalis – Kings candelabra
**GOOD HEDGE TREES**
Rhus crenata – Dune Crowberry
Rhus glauca – Blou koeniebos
Thus lucida – Blinkblaar taaibos
Tarchonanthus camphoratus – Kamferbos
Chrysanthemoldes monolifera - Bietou

# BLY INGELIG

Die brand gevaar indekasie of die moontlike gedrag van n vuur kan ook bepaal hoe gevaarlik dit kan wees en hoe om dit moontlik uit te sit. HOE hoër die gradering hoe gevaarliker is die kondisies. Op **Oranje** en **Rooi** dae **Geen Vure** moet aangesteek word nie.




**ONBETEKENEND**

- Verwag koel omstrandighede, hoë vogtigheid.
- Die brandgevaar is laag.  Moontlikheid van geen brandstigting.
- Geen voorsorgmaatreëls is nodig nie

**LAAG**

- Verwag koel en matige wind kondisies.
- Moontlike brand stigting maar sal stadig versprei.
- Beheerde brande mag toegepas word maar voorsorg maatreëls moet geneem word indien die vuur verspei en die nodige permitte moet ook verkry word.

**GEMATIGDE**

- Verwag warm, droë en mootlike wind toestraande.
- Vure ontsteek makliker, versprei vinniger maar kan in die omstaandighede beheer word.
- Geen vure in die ope nie, slegs net die wat deur die Brandweerhoof goedgekeur is en vure slegs wat in n aanwys braai area gemaak word.

**HOË**

- Verwag warm, droë en moontlike wind toestande.
- Brande ontsteek maklik en verspei vininger.
- Plek, plek brande kan ontstaan.
- Geen vure nie onder geen omstandighede.
- Wees waaksaam vir veldbrande en ook moontlike ontruiming.

**UITERSTE**

- Verwag uiterste warm, droe en winderige toestaande.
- Wanneer vure begin is dit onvoorspelbaar, moeilik om te beheer en beweeg vinnig.
- Plek-plek vure sal begin en dit sal van enige rigting kom.
- Die maak van vure sal onder geen omstandighede toegelaat word nie.
- Wees op en wakker vir veldvure.
- Hersien die nood en ontruimings plan.
- Vroeë ontruimingspan van jou huis indien die vuur in jou rigting kom.

# BLY OF ONTRUIM?

## Wat om te doen….

Sodra u bepaal het hoe groot u brandrisiko is, en stappe gedoen het om die gevaar te verminder, moet u beplan vir ŉ noodgeval. Besluit of u gaan ontruim, of bly en u huis beskerm. Indien u besluit om te ontruim, doen dit voor die brand in die dorp is. ŉ Huis het ŉ beter kans om gered te word indien daar mense is wat klein brande op of naby die huis onmiddellik kan blus, maar dan moet u die regte toerusting hê, en fisies en geestelik gereed wees om die brand te bestry.

### Indien u kies om te bly….




**1. Ontruim kinders, troeteldiere, ou of siek mense lank voor die tyd.**
Slegs gewillige, fiks en opgewasse familielede behoort te bly om die huis te beskerm.

**2.** Hou **beskermende kledingstukke** gereed (insluitend brille en ŉ vadoek of serp om oor die mond en neus te bind om rookinaseming te verminder.

**3.** Hou **brandslaangereedskap** byderhand (bv. Swaar rubber brandslaners, ŉ leër, mop, emmers, en tuinslang met ŉ spuitkop).

**4. Identifiseer ŉ veilige ontsnappingsroete en bymekaar-komplek** indien dit gevaarlik word. (L.W. Diefwering en hekke kan u familie binne die huis vaskeer. Dink daaraan).

**5.** Maak seker dat almal in die huishouding weet wat om te doen. **Oefen die ontsnappingsplan** totdat u seker is dat almal weet wat om te doen.



**6.** Maak seker dat daar maklike toegang en draaiplek is vir noodvoertuie.

**7.** Maak seker van moontlike brandrisiko’s op u grense. Verwyder brandbare tuinmeubels en plantmateriaal waar nodig.

**8.** Gebruik die besproeiingstelsel om die gebied om die huis **nat te maak.** L.W. Dit is net effektief as die brand **naby** is, aangesien hitte verdamping bespoedig.

**9.** Hou 'n brandblusser(s) in die huis. Bring die tuinslang na binne want die brand sal dit vernietig. U sal dit later nodig kry. **Moenie water teen die vensters spuit nie,** aangesien hulle kan kraak.

**10.** Wanneer die brand naby die huis is, moet alle buitevensters en -deure toegemaak word. **Verwyder gordyne** aangesien hulle kan vlamvat wanneer die hitte die vensters laat kraak!



**11. Tap 'n bad en emmers vol water** omdat die water-drukking sal daal wanneer brandbestryders water tap.

**12.** Wanneer dit nodig word om te vlug, **verlaat die huis aan die teenoorgestelde kant van die brand.** Gebruik swaar, nat komberse vir beskerming. Beweeg na 'n oop, veilige gebied waar die risiko's minder is. Gaan na 'n oop ruimte met 'n lae brandgevaar.

**13.** Wag vir die brand om verby te trek voordat u terugkeer na u huis. Blus klein brande op die erf asook smeulende telefoonpale en bome. **Maak net seker dat water nie in kontak kom met elektriesedrade nie.** Onthou dat enige brandgereedskap wat buite was, moontlik beskadig kan wees (tuinslange, ens.).

## BRANDONTRUIMING…..

**Geen eiendom is lewensverlies werd nie. Maak seker dat u nie tydens ontruiming 'n hindernis vir brandbestryders of die brandweerwa is nie. Kom by die aangewese ontruimingsarea byeen:**

**PRINGLE BAY: Gemeenskap Saal, Buffels Road, Pringle Bay, Hoof Parkeer Area, Pringle Bay United Kerk.**

**BETTY'S BAY: Harold Porter Tuine en/or Stoney Point Kolony. Crassula Hall sal die sentrum vir verversings wees, en waar getraumatiseerde mense en diere aandag sal kry.**

**ROOI ELS: Die parkeerterrein van die Sentrale Besigheidsarea, tensy 'n ander plek aangewys word soos parkeiring by Lovers Walk of Bathersway**

# Voorbereiding en Resiko's Van Jou Huis Tydens ń Veldbrand.

ń Huis wat goed voorberei is voor die brand seisoen, met anderwoorde die verwydering van oortollige plantegroei en onnodige material wat rondlê na aan die huis verlaag die brand gevaar.

Met betrekking tot u huis moet u die volgende inag neem:

- Die materiaal wat gebruik om u huis te bou
- Die verandering wat u aan u huis doen, sal dit tot die verbetering van u huis se oorlewing wees
- Die getal verandering wat u aan u huis doen sal afhang van die tipe huis wat u besit
- Enige plek waar kole kan huisves u huis in waai kan n vuur begin. BV op u dek, vensters, deure en onder in die dakplate n waai

**Kole is een van die vernaaste oorsake van huis en strukteer brande tydens veldbrande.**

- N kool kan n tak, blaar of stuk puin wees
- Kole bedreig jou huis wanneer dit deur die wind gewaai word en dit land op jou grond of huis.
- Kole kan op vlambare materiaal land soos blare in die geute dan sal jou huis brand.
- Met n aktiewe valdbrand is kole n konstante bedreiging. Die kole kan voor, tydens en tot na die veldbrand om jou huis val.

**Dak**:

- Maak dak en geute skoon van blare en organiese materiaal.
- Gebruik nie vlambare materiaal om dakvenster toe te maak.
- Goeie besproeiingsstelsel kan ook help met die kole.
- Die gebruik van weerkaatsende nievlambare dakplate is n effektiewe manier om te verhoed dat kole deur die dak kom. (Dit is n duur proses).




## BRAND IS ALTYD 'N GEVAAR IN ONS DORP HOU BY ONS VUURWAKKER REËLS

### MOET NOOIT …

- ʼn braaivleisvuur maak as die wind waai nie
- ʼn vuur sonder toesig laat nie
- sigarette stompies of warm as in die veld gooi nie sigaretstompies
- tuinafval verbrand nie (tensy u ʼn permit het)
- vuurwerke afvuur nie (behalwe op aangewese plekke)

### MAAK SEKER OM ALTYD…

- ʼn tuinslang byderhand te hê wanneer u braai
- braaivleisvure heeltemal te blus
- u tuin skoon te hou van dooie takke
- indringerplante van u erf en sypaadjie te verwyder
- hoë plantegroei naby vensters en houtbalkonne te verwyder
- u kapgroep te help wanneer dit moontlik is

**Onthou, indien bewys kan word dat u ʼn brand begin het, u moontlik al die koste sal moet dra.  Brandbestrydingskoste alleen kan miljoene rand beloop**

RAPPORTEER ʼn brand ONMIDDELIK in hierdie volgorde

| | | |
|---|---|---|
| Overstrand noodoproep sentrum | 028 3138980 | 028 3138000 |
| Kleinmond Brandweerstasie | 028 2718489 | 08 2774 4581 |
| Pringle Bay (Clayton Francis) | 028 273 8196 | 082 416 6685 |
| | | 072 129 9788 |
| Indien in die Kogelberg Natuurreservaat | 028 271 5138 | 082 783 8585 |